**Maandag 25 Januarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 50:1-21; HK Sondag 4, Vraag 10**
**Fokusgedeelte: Psalm 50:21**

## God laat die mens se sonde nie ongestraf bly nie

Die mens probeer volgens ons belydenis verder om van God se straf vir sy sonde te ontkom deur voor te gee dat God oordrewe is in die handhawing van geregtigheid. Dit sou dan volgens die mens nie nodig wees dat God die sonde moet straf nie. Hy kan dit mos maar deur die vingers sien.

Wie dit sê, toon dat hy dieselfde siening het as die mense van wie Asaf in Psalm 50 praat: As God die sondes sien, moet Hy daaroor swyg en anderpad kyk. Dan tree Hy net soos sondige mense op.

Die "nee, glad nie" van Antwoord 10 is niks anders nie as die belydenis van die volmaakte geregtigheid van God. By ons as sondige mense is daar reeds 'n gevoel van reg wat in opstand kom in 'n sondige wêreld. Hoeveel te meer moet die Here, die God van geregtigheid, nie gekrenk word deur die ongeregtigheid en ongehoorsaamheid van die sondige mens nie!

Die geregtigheid van God moet nie maar net, soos meesal die geval is, gesien word as billike en regverdige optrede nie. God se geregtigheid hou meer in. Dit beteken veral dat Hy optree in ooreenstemming met sy Woord. Dit is presies waaroor dit hier gaan. God het uitdruklik aan die mens gesê dat hy nie mag eet van die vrugte van die boom van kennis nie, want as hy wel daarvan eet, sal hy sterwe. Al wat gebeur het toe die mens daarvan geëet het, is dat God Hom aan sy woord gehou het en presies daarvolgens opgetree het. Dit blyk ook uit Galasiërs 3:10 wat in die antwoord aangehaal word: *"Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie".* Daarom moet die mens gestraf word en sterwe. Dit is 'n eis van God se geregtigheid. Hy kan die sonde nie ongestraf laat bly en deur die vingers sien nie.

Die straf op die sonde moet ons dus beskou as die vergelding van God waarin Hy Homself en die reg van sy liefde handhaaf. Sy reg wat geskend is en sy liefde wat verwerp is, roep om vergelding. In die vergelding vind ons die God van reg en liefde terug in Christus se versoeningslyde aan die kruis op Golgota. *"Hy (God) het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom"* (2 Kor. 5:2; 1953-vertaling).

God verskoon ons nie, maar vergewe ons om Christus ontwil.